# ‘n Gestuurde kerk

Nelus Niemandt

Wat beteken dit om ‘n gestuurde - of missionêre kerk te wees?
Die verrassing is dat mens eers oor ‘n gestuurde kerk kan praat as jy iets verstaan van ‘n sturende God. Miskien is dit glad nie so ‘n groot verrassing nie - alles begin immers by God. God is ‘n sturende (missionêre) God. Die lewe van God is ’n proses van gestuurdheid: die Vader stuur die Seun, die Seun stuur die Heilige Gees. God het die wêreld so lief dat Hy sy enigste Seun stuur om nuwe lewe te bring. Dit klink nuut en helder in **Die Boodskap** - *God het bewys hoe lief Hy die wêreld het. Hy het sy unieke Seun na die wêreld toe gestuur sodat elkeen wat in hierdie Seun glo, nie verlore sal gaan nie, maar vir altyd saam met God kan leef. God het nie die Seun na hierdie wêreld gestuur om net vir almal te kom sê hoe sleg hulle is nie. Nee, Hy het Hom gestuur sodat mense wat sleg was weer by God kan uitkom*. (Joh. 3:16)
Dit ander verrassing is om weer te ontdek ‘n belangrike rol ‘n Suid-Afrikaners gespeel het om kerke oor die wêreld heen te help verstaan dat ons eers oor die sturende God moet praat voordat ons oor ‘n gestuurde kerk kan praat. David Bosch het die begrip *Missio Dei* (sturende God) weer vars en nuut verwoord. *Missio Dei* beteken dat die missie of sending van die kerk in die wêreld aan God behoort. Bosch stel dit nogal heel radikaal: dit is nie net ‘n geval dat God sending doen nie, Hy *is* sending. Die Drie-enige God is in Sy wese ‘n missionêre God. Die Seun en die Gees word deur die Vader gestuur. Sending is ‘n beweging van God na die wêreld. Sending behoort nie aan die gemeente nie, dit is nie iets mooi en kosbaar wat gehoorsame mense doen nie, dit is ten diepste ‘n eienskap van God self. Sending is primêr en geheel en al die werk van die Drie-enige God, Skepper, Verlosser en Saligmaker, ter wille van die wêreld, waaraan die kerk bevoorreg is om deel te neem.

Die kerk is God se gestuurdes wat aan God se sending deelneem. Die kerk het nie sendingwerk nie, die kerk ís God se sending aan die wêreld. Die kerk is God se mense wat ‘n voorsmaak bied van God se genesende heerskappy. As kerk word ons geroep, bymekaargemaak en gestuur om die boodskap van liefde verder te dra – Dink maar aan Joh. 17:18: *Soos U My na die wêreld toe gestuur het, het Ek hulle ook na die wêreld toe gestuur...*
Wanneer daar dan van ‘n gestuurde kerk gepraat word, verduidelik dit iets van die wese van die kerk. Dit is om deel te neem aan God se sending.
Die Bybel is die verhaal (narratief) van God se sending na die wêreld. God is besig in en met die wêreld en nooi mense om deel te wees van hierdie groot boodskap van liefde. Hy kruip nie in die kerk weg nie, maar laat sy koninkryk juis in die alledaagse lewe kom.
Mens kan dit dalk as volg voorstel:

**GEROEP UIT DIE WêRELD**



**SAAMGEBRING DEUR DIE GEES AS LIGGAAM VAN CHRISTUS**



**UITGESTUUR NA DIE WêRELD**

Hierdie missionêre verstaan van die aard van die kerk word bevestig deur die vroeë apostoliese kerk. Die gemeentes in die vroeë kerk het hulself verstaan as 'n sendingpos binne God se plan om die wêreld te verlos. Hulle het nie sendingwerk gedoen nie, hulle *was* sendingwerk in hulle diepste wese. Dit beteken dat hulle nie mense na een of ander gebou wou bring nie, maar dat hulle kerk was tussen hulle vriende en binne-in die gemeenskappe waar hulle geleef het.

Pat Keifert som dit heel raak op: *Die kerk is 'n geloofsemeenskap wat deur God geroep, versamel, gefokus en gestuur word na ongelowige wêreld.*

Kerke wat dit verstaan, praat skielik ook anders oor hulself. Ons hoor by hulle uitdrukkings soos:

- *Die kerk bestaan ter wille van die wêreld;*
- *Ons is geseën sodat ander deur ons geseën kan word;*
- *Elke gemeente is 'n gestuurde gemeente.*
- *Die gemeente is 'n gawe van God aan die wêreld.*